Algemene Inligting / General Information

BELANGRIKE INLIGTING VIR OUERS EN KOSGANGERS / IMPORTANT INFORMATION FOR PARENTS AND BOARDERS

Parents wishing to have a meeting with the staff, may do it via the Hostel Committee.

Hostel accommodation does not automatically progress into the following year. Learners must meet the required academic standards and abide by the rules and regulations to ensure their place in the Hostel. Should learners not illustrate positive development, then they could forfeit the privilege of being accommodated in the Hostel.

Die volgende moet asseblief dringend aandag geniet:

BESKADIGING VAN EIENDOM:

Leerders word aanspreeklik gehou vir die koste van enige eiendom van die koshuis wat deur hulle beskadig word.

KAMERS:

1. Prefekte en inwonende personeel het enige tyd toegang tot enige kamer.
2. Die kamer moet elke oggend gevee word en die snippermandjies leeggemaak word.
3. Kamers, asook alle inhoud daarvan, moet te alle tye netjies gehou word.
4. Geen spykers, drukspykers, wondergom of kleefband mag op die mure, deure of meubels gebruik word nie.
5. Lede van die personeel en die koshuispersoneel sal van tyd tot tyd kamerinspeksie doen. Inspeksie van kaste kan in die teenwoordigheid van die kosganger betrokke of superintendent gedoen word.
6. Geen wasgoed, nat handdoeke of waslappe mag op die vensterbanke of op die meubels gehang word of by die vensters uithang nie.
7. Kaste moet te alle tye gesluit wees wanneer dogter nie in die kamer is nie.
8. Elke leerder is self verantwoordelik vir haar kassleutel.
9. ‘n DEPOSITO van R30.00 moet betaal word vir kassleutels en gr. 12’s vir hul kamersleutels.

CLOTHES LIST: MARK ALL ITEMS CLEARLY

See Boutique@Larries and Clothes List for School and Sport

VERDERE BENODIGDHEDE: MERK ALLE ITEMS DUIDELIK

- ✓ Netjiese drag vir kerk en ander funksies
- ✓ Informele drag om namiddae te dra
- ✓ At least four sets of underwear
- ✓ Twee stelle slaapklere
- ✓ One dressing-gown and slippers
- ✓ Two laundry-bags (Also available at Boutique@Larries)
- ✓ Een of meer enkelbed duvetstel met paslaken, matrasbeskermer en kussing en slope
- ✓ Toiletries and hair dryer
- ✓ Twee of meer bad-, gesig en swemhanddoeke
- ✓ Clothing hangers, “travel” mug, knife, fork, spoon and pin-up board for room (optional)
- ✓ Klein naaldwerk- en basiese noodhulpstelletjie, asook persoonlike medikasie
- ✓ Extra for the winter: warm underwear, blankets, small blanket for study (optional), umbrella
- ✓ Pocket-money

UNIFORM: (Sien ook Klerebeleid)

1. Alle klere en besittings moet duidelik gemerk wees.
2. Kleredrag vir leerders wanneer die terrein verlaat word vir aktiwiteite, bv. stap na sportoefeninge, dorp, gimnasium of markie: / Dress Code for learners when leaving the school grounds for activities, e.g. walking to sport practices, town, gymnasium or markie:

- Volle skooluniform; **OF**
- La Rochelle sweetpak, met tekkies of Larrie-plakkies (somer); **OF**
- LO-klere, Larrie-broekie/koshuisbroekie en Navy LO-hempie. (GEEN KLEUR LARRIE-HEMPIE!).
- Jeug – gewone drag, maar smaakvol.
- Civvies – **GEEN** La Rochelle-kleredrag daarmee saam nie. (MENG NIE KLERE NIE!!).

- Full school uniform; **OR**
- La Rochelle tracksuit with sports shoes or Larrie-slops (summer); **OR**
- PT clothes, Larrie shorts/hostel shorts and navy PT shirt. (NO COLOUR LARRIE SHIRT!).
- Youth – civvies, in good taste.
- Civvies – **NO** La Rochelle uniform with it. (DO NOT MIX CLOTHES!!).

LANDLOOP-GROEP:

- Larrie-broekie of navy/swart ski-pants en wit of geel T-hemp.

CROSS COUNTRY GROUP:

- Larrie shorts or navy/black ski-pants and a neat white or yellow top.

SWEMDRAG:

- LO-klere bo-oor swemstuk; **OF**
- Navy LO-hempie en handdoek.

SWIMMING CLOTHES:

- PT clothes over costume; **OR**
- Navy TP shirt and towel.

WASGOED/KAMERS: MERK ALLE ITEMS DUIDELIK

1. Wasgoed kan by die koshuis gewas word. Merk alle artikels duidelik. Wasgoed word Maandae ingeneem en Woensdae terugbesorg.
2. Geen wasgoed word na ‘n tuisnaweek gedoen nie.
3. Kosgangers bring eie matte (opsioneel), tweepunt-prop en slot vir kas waar nodig.
4. Kamers word deur kosgangers netjies gehou. Vee self soggens uit en maak vuilgoeddrommetjies leeg.

TOEGANG TOT KOSHUIS GEDURENDE SKOOLURE:

1. Leerders word glad nie toegelaat om tydens die skooldag na hul kamers te gaan nie. Hierdie is bloot ‘n kontrole-maatreël. Sorg dat skooltasse betyds gepak word en sportklere reggesit word.

BESOEKERS EN BESOEKTYE:

1. Ouers en ander besoekers word nie sonder verlof van diensdoenende personeel in kamers toegelaat nie.
2. Ouers mag kinders op weeksdae besoek mits dit nie met skoolure of studie-ure bots nie.
3. Gr. 9 tot 12 mag die volgende tye besoek ontvang:

Maandae en Woensdae	17:45 – 18:45
Saterdae	10:00 – 11:30 & 15:00 – 18:45
Sondae	15:00 – 17:00

KLOKTYE:

	Maandag tot Donderdag	Vrydag	Saterdag	Sondag
Opstaan	06:00	06:00		
Tweede Opstaan	06:30	06:30		
Ontbyt	06:50	06:50	08:00	08:00
Middagstudie	Ma, Di & Do: 14:30 – 15:30			
Aandete	17:30	17:00	17:00	17:00
Aandstudie	18:45 – 20:30			
Beweeg na kamers	21:30			
Stiltetyd	21:45 – 22:00			
Ligte uit	22:00	23:00	23:00	22:00

STUDIETYE EN STUDIESAAL:

1. Wanneer die waarskuwingsklok vir studie lui, gaan elkeen na die plek waar sy studeer, sodat sy, as die tweede klok lui, reeds besig is om te studeer.
2. Gedurende studietyd moet daar absolute stilte in die gebou wees, geen tydskrifte mag gelees word nie, geen selfone gebruik word nie, geen briewe geskryf word nie en die studiesaal mag nie verlaat word nie.
3. Gr 10 - 12 in kamers en Gr 8 - 9 in studiesaal.
4. Studietye:
   Middagstudie: Maandae, Dinsdae en Donderdae vanaf 14:30 – 15:30
   Aandstudie: Maandae tot Donderdae vanaf 18:50 tot 20:30
5. Studietye gedurende eksamen word daagliks met 1(een) uur verleng.

STILTETYE:

1. Gedurende stiltetye moet elke dogter in haar kamer wees en behoort Bybelstudie te doen.
2. Prefekte en personeel moet toesien dat daar absolute stilte tydens hierdie tyd is.

MAALTYE:

1. Indien leerders ‘n spesiale dieet moet volg, rig die ouers ‘n skriftelike versoek aan die Koshuisbestuur. Hierdie versoek moet vergesel word van ‘n brief van ‘n dokter of dieetkundige.
2. Daar moet stil en ordelik in rye aangetree word wanneer die eteklok lui en leerders moet wag totdat die persoon aan diens verlof gee om in te stap.
3. Tydens etes mag daar saggies en ordelik met mekaar gesels word.
4. Tafelhoofde (Graad 12’s) is verantwoordelik om te rapporteer as ‘n dogter afwesig is van ete.
5. Alle maaltye MOET deur leerders bygewoon word, tensy spesiale verlof verkry is.
6. Voor 17:00 op ‘n Woensdag, moet leerders die naweek se etelys VOLLEDIG voltooi.
7. Laatete is slegs beskikbaar vir kosgangers wat by buitemuurse aktiwiteite tydens aandete betrokke is.
8. Geen aflewering van pizza’s en ander kosbestellings mag na 19:00 plaasvind nie.

TUISNAWEKE, NAWEKE EN VAKANSIES:

1. Die koshuis se deure sluit om 15:00 op tuisnaweke en vakansies en open weer om 15:00 op ‘n Sondagmiddag en middag voor skool heropen.
2. Oor naweke is die koshuis elke Saterdag en Sondag tussen 13:00 tot 15:00 gesluit. Vir geldige uitsonderings, kontak die volwassene op naweekdiens.
3. Kosgangers moet Sondagaande voor 20:00 of Maandae voor 07:00 by die koshuis wees en teruggeteken word.
4. Skriftelike verlof is nodig as kosgangers naweke vriende of familie (nie ouers) besoek.

KOSHUISTERREIN VERLAAT:

1. Kosgangers mag nie die koshuisterrein sonder verlof verlaat nie.
2. Ouers moet die koshuis skriftelik 24 uur voor enige nie-skoolaktiwiteit in kennis stel.
3. Finale goedkeuring en toestemming berus by die personeel aan diens.
4. Kosgangers wat die koshuisterrein met verlof verlaat, moet uit- en terugteken.
5. Kosgangers mag op Woensdagmiddae vanaf 14:30 – 17:00 dorp toe gaan, geklee in netjiese skooldrag (reënbaadjie in winter), asook Vrydagmiddae vanaf 14:30 – 17:00, geklee in '*civvies*'. Kosgangers moet soos gewoonlik uitteken. Kosgangers mag NIE ALLEEN dorp toe gaan NIE.
6. Kosgangers mag NIE in die week uitslaap NIE, behalwe as ouers hul self kom haal en terugbring.
7. Ouers moet die koshuis per e-pos in kennis stel indien 'n ander volwassene u dogter kom haal.

SELFONE:

1. Selfone word gedurende die week om 21:40 deur die prefekte ingeneem.
2. Dit word dan weer die volgende oggend voor ontbyt teruggegee.
3. Gedurende eksamentye word selfone om 18:40 ingeneem en dan die volgende oggend voor ontbyt teruggegee.
4. Geen selfone word in die studiesaal of eetsaal toegelaat nie.
5. Geen selfone gedurende stiltetyd nie.
6. Selfone wat tydens bogenoemde tye gebruik word, sal deur die prefek en tannies ingeneem word en eers na TWEE DAE teruggegee word.

LAPTOPS / TABLETS:

1. Our policy is that <u>we cannot assume any responsibility</u> as far as damage or theft is concerned.
2. The Grade 8 – 11 learners may only use their laptops/tablets for study purposes in the recreational room where plugs are available, unless they have plugs in their rooms.
3. No extension leads may be used to bring electricity into rooms without plugs. Learners must plan their study so that their school work, where laptops/tablets are needed, is completed before 21:00.
4. Laptops/tablets will be confiscated if used after study hours and if not used for doing school work during study.

ELECTRICAL APPLIANCES:

1. Heaters, kettles, irons, electric blankets, televisions and fridges are not allowed in the rooms.
2. Hairdryers, straightners, radios, CD-players and chargers of any type are permitted in the rooms.
3. Radios and CD-players are permissible.
4. Slegs bedlampies is vir die gr. 11's en matrieks toelaatbaar.
5. Only matrics are allowed to have electric kettles.
5. Only prefects are allowed to have fridges.

GELD EN BESITTINGS:

1. Geen aanspreeklikheid word aanvaar vir geld wat in kamers gehou word nie.
2. Sakgeld kan in die kluis toegesluit word en kan enige tyd uitgehaal word vir die leerders.
3. Geen leerder mag eiendom wat aan ander dogters behoort sonder toestemming neem of gebruik nie.

MEDIESE AFSPRAKE:

1. Ouers moet die koshuis voorsien van volledige mediese besonderhede en ‘n afskrif van die mediesefonds-kaart.
2. Mediese afsprake word soos nodig gereël.
3. Reëlings kan met die tannie getref word vir vervoer, behalwe as dit binne loopafstand is.

MEDIKASIE:

1. Indien ‘n leerder op kroniese medikasie is, moet die Koshuisbestuur skriftelik daaroor in kennis gestel word. Die koshuis aanvaar geen verantwoordelikheid indien ‘n leerder hierdie medikasie nie volgens voorskrif gebruik nie.

KANSELLASIE VAN LOSIES:

1. Leerders wat die koshuis wil verlaat, moet ‘n KWARTAAL voor die tyd SKRIFTELIK kennis gee, anders sal hul aanspreeklik gehou word vir die volle betaling van koshuisfooie vir daardie spesifieke kwartaal.
2. Graad 12-leerders moet teen einde Augustus aandui of hulle in die koshuis gaan aanbly tydens die vierde kwartaal.
3. Graad 12-leerders moet na afloop van hul laaste vak in die Senior Sertifikaat-eksamen hul kamers so gou as moontlik ontruim en sleutels ingee.

RECREATION:

The grounds are more than spacious. Learners have access to a TV Room, Recreational Hall, Indoor Centre, as well as the swimming-pool. The premises are also relatively quiet.

GENERAL CONDUCT AND NEATNESS

Your daughter must be provided with whatever is necessary to ensure that she always appears neat and tidy. Please impress upon her at home that her conduct towards other people must always be beyond reproach. Good table manners also need to be emphasised. Boarders must be present at all meals, unless permission has been given to do otherwise. Personal hygiene is an absolute pre-requisite.